

## As julle in die land kom (OP48)

Num 15:1-41

11 Julie 2021

Die laaste paar weke het ons stilgestaan by die dramatiese gebeure by Kades-Barnea. Ons het gesien hoe die volk hulle rug gekeer het op die beloftes van die Here en nie die beloofde land wou gaan inneem nie. Die Here het toe besluit dat die eerste geslag wat uit Egipte verlos is, in die woestyn sou sterf oor die loop van 40 jaar, terwyl die tweede geslag wel na 40 jaar die land sou inneem. Teen die einde van Num 14 het die volk teen die wil van die Here wel opgetrek om die beloofde land in te neem, maar hulle is verslaan deur hulle vyande by Gorma.

En dit bring ons by Num 15. Die inhoud van Num 15 is egter ietwat onverwags. Ewe skielik word die narratiewe beskrywing van die gebeure met die volk onderbreek. In hierdie hoofstuk word daar onverwags sekere voorskrifte gegee oor offers wat gebring moes word, en ook oor klossies wat hulle aan hulle klere moes werk. In Num 16 gaan die narratiewe beskrywing weer voort, waar ons lees van Korag, Datan en Abiram. Maar hoekom word Num 15 met hierdie onverwagse inhoud juis hier geplaas? Boonop, in Lev 1-7 is daar 'n detail beskrywing van die offers wat die volk moes bring – hoekom is die detail van Num 15 nie eerder as deel van daardie beskrywing ingesluit nie? Of, as jy sou aanblaai na Num 29 toe, vind jy daar word gepraat oor offers wat tydens die nuwejaarsfeeste, op die groot versoendag of met die huttefees gebring moet word – hoekom word die inhoud van Num 15 nie eerder daarmee gekombineer nie? Hoekom juis hierdie detail juis hier?

Ek stem saam met kommentatore wat sê die rede lê in vers 2, waar die Here vir Moses sê om vir die Israeliete te sê: “As julle in die land kom wat Ek aan julle as woonplek gee...”, en dan volg die detail voorskrif rondom die offers. Kom ons probeer verstaan wat hier gebeur. Dink jou vir 'n oomblik in wat die gemoed onder die volk moes wees na Kades-Barnea: Hulle het sopas gehoor dat die Here besluit het dat almal van 20 jaar en ouer in die woestyn gaan sterf. Die 10 verkenners het alreeds gesterf aan die pes wat die Here gestuur het. Boonop het hulle sopas 'n nederlaag gely toe hulle wel die beloofde land probeer inneem het, en wie weet hoeveel het daar gesterf? Onthou verder, die mees belowende uitkoms van die gebeure by Kades-Barnea is dat die tweede geslag wel die beloofde land sal inneem – maar dit gaan eers oor 40 jaar gebeur! Die gemoed onder die volk moes baie laag gewees het – veral as hulle daarvoor dink dat hulle verantwoordelik is vir hierdie haglike situasie waarin hulle hulle bevind.

En dis op hierdie laagtepunt dat die Here kom en sê: “As julle in die land kom wat Ek vir julle as woonplek gee...”. Die NIV vertaal dit met “After you enter the land I am giving you as a home...” Die Here ontken nie die realiteit van die situasie nie, maar Hy kom en praat steeds met Moses – soos wat Hy in die verlede met hom gepraat het. En die Here het steeds dieselfde einddoel voor oë: die volk sal die beloofde land inneem. Daar is geen twyfel by die Here of dit gaan realiseer nie – dit staan vas. Ja, daar is 40 jaar in die woestyn wat voorlê, maar dit is asof die Here vir die volk wil sê hulle moet verder kyk, hulle moet kyk na die einde van die 40 jaar – wanneer hulle wel die beloofde land sal inneem. In Num 15 bemoedig die Here Sy volk deur vir hulle te vertel wat Hy van hulle gaan verwag as hulle wel in die beloofde land aankom, en verder gee Hy vir hulle praktiese raad oor hoe hulle in die volgende 40 jaar moet lewe om seker te maak hulle eindig nie weer in 'n Kades-Barnea situasie nie.

Die Here doen dit deur met die volk oor 3 sake te praat: (1) Offers in die beloofde land (2) Vergifnis van sondes, en (3) Klossies aan hulle klere. Kom ons kyk kortliks na elkeen.

### Offers in die beloofde land (v1-21)

Soos ek vroeër na verwys het, is daar reeds by Sinai baie voorskrifte gegee oor offers wat die volk moes bring (Lev 1-7). Soos wat ons weet het heelwat van hierdie offers ingesluit dat diere geoffer moes word. In vers 3 word verwys na drie sulke offers: brandoffers, gelofte-offers of vrywillige offers. Wat die Here egter nou hier byvoeg, is dat wanneer die volk in die beloofde land aankom en dan hierdie offers bring waar 'n dier verbrand word, dan moet hulle by so 'n offer ook 'n graanoffer van fynmeel byvoeg, die meel moet met olie gemeng wees, en hulle moet ook wyn insluit in die offer. Verder het die Here ook gesê hoe groter die dier is wat geoffer word, hoe groter moet die offer van fynmeel, olie en wyn wees (verse 5-11). In verse 13-16 maak die Here dit baie duidelik dat die reëling moet geld vir die landsburgers sowel as vir vreemdelinge wat onder die volk woon. Wat was die doel hiermee? Die NAV praat van dat die offers vir die Here aanvaarbaar moet wees (v3 en v6), maar die OAV is nader aan die kol – die offers moet vir die Here 'n lieflike geur wees.

Onthou nou, in Levitikus is alreeds die voorskrifte gegee vir die offers wat gebring moes word, en die volk moes nou terwyl hulle in die woestyn is, alreeds hierdie offers bring. Maar wat die Here nou byvoeg is dat as hulle eers in die beloofde land is, moet hulle wanneer hulle 'n offer bring waarin 'n dier geoffer word, by die offer ook nog 'n offer van fynmeel, olie en wyn voeg. Hoekom dan eers? Want hierdie produkte, fynmeel, olie en wyn, is juis die produkte van die beloofde land wat oorloop van melk en heuning! Ja, hulle moet nou al hierdie offers bring, maar as hulle eers in die beloofde land is kan hulle offers bring wat nog beter is, wat 'n nog liefliker geur voor die Here sal wees! Sien jy hoe die Here hulle opgewonde wil maak oor die beloofde land? Hy wil hê hulle moet verder kyk as die volgende 40 jaar, en met opgewondenheid uitsien na die geleentheid om dan nog heerliker offers aan die Here te bring, waarin Hy Hom nog meer gaan verlustig as wat hulle nou al aan die Here bring. “Kom, beywer julle om daar te mag ingaan en te mag deel in daardie vreugde!”

Let ook op hoe die Here in vers 13 praat van die “landsburgers”. Ja, op die oomblik swerf hulle deur die woestyn, maar dan gaan daar stabiliteit wees. Hulle gaan burgers wees van daardie land. En daar gaan selfs vreemdelinge wees wat onder die volk gaan woon – selfs vir geslagte lank. Hier verwys die Here na 'n nog groter saak – dit is dat dit meer is as die volk Israel wat eventueel offers aan die Here gaan bring in die beloofde land – daar gaan vreemdelinge ook wees. Sekerlik kyk die Here hier nog verder die toekoms in tot in die Nuwe Testament waar mense uit alle volke, stamme, tale en nasies deel gaan deelneem om offers aan die Here te bring.

In vers 17-21 voeg die Here by dat hulle ook nog van hulle eerste growwe meel 'n ringbrood (OAV – koek) vir die Here moet bring. Weereens, terwyl hulle deur die woestyn trek, kan hulle nie allerlei gewasse plant nie – maar in die beloofde land gaan dit anders wees. Dan kan hulle. En dan moet hulle 'n deel van hulle eerste oes vir die Here bring. Weereens, raak opgewonde oor die land en die geleentheid wat dit skep vir nog beter offers aan die Here!

### Vergifnis van sonde (v22-36)

Na die gebeure by Kades-Barnea moes die volk diep onder die indruk gewees het van hulle sonde. Selfs die tweede geslag moes sekerlik gewonder het of hulle nie ook tog maar gaan swig en in sonde val soos hulle ouers nie. En dan, wat dan?

En dan kom die Here in vers 22, en sê vir hulle dit is moontlik, dit kan gebeur dat hulle in sonde sal val, dit kan gebeur dat hulle nie al die voorskrifte wat Hy deur Moses aan hulle gegee het, sal hou nie. Maar dan gee die Here direk aan hulle die versekering dat as die sonde onopsetlik gepleeg is, is daar versoening moontlik – hulle moet net die nodige offers bring, en sodoende kan hulle versoening ontvang. In hierdie paar verse word die voorgeskrewe offers beskryf vir twee gevalle: as

die hele gemeente onopsetlik gesondig het, of as 'n individu onopsetlik gesondig het. In Lev 4-5 word daar voorsiening gemaak vir meer as net hierdie twee gevalle. As die hele gemeente gesondig het, moet 'n jong bul as brandoffer gebring word, saam met die graan- en drankoffer, asook 'n bokram as sondeoffer. As 'n individu gesondig het, moet 'n bokkooi as sondeoffer gebring word. Weereens maak die Here dit duidelik dat dieselfde reëling geld vir die Israëliete asook vir vreemdelinge wat in hulle midde woon (v29).

In verse 30-31 maak die Here egter ook duidelik dat indien iemand egter opsetlik of moedswillig gesondig het, is daar nie versoening moontlik nie. So 'n persoon het die Here, Sy Woord en Sy gebooië verag, Hy moet die straf vir sy sonde dra. Hy moet van die volk afgesny word en doodgemaak word. Weereens geld dieselfde reëling vir die landsburger en die vreemdeling. Die sabbatskender waarvan in v32-36 gepraat word, het hom waarskynlik hieraan skuldig gemaak, en daarom is hy buite die kamp gestenig.

Weereens het ons hier bemoediging van die Here aan die volk: daar is versoening moontlik as julle onopsetlik in sonde val. Skep moed! Maar wees ook gewaarsku, as julle opsetlik sondig, is versoening onmoontlik en gaan julle ook sterf.

#### Klossies aan klere (v37-41)

In hierdie verse gee die Here die opdrag dat hulle klossies aan hulle klere se hoeke moes vasmaak met 'n blou toutjie. As hulle die klossies sien, moes dit hulle herinner aan die gebooië van die Here, en hulle waarsku teen hulle eie sondige begeertes. Hoekom moes hulle juis die klossies met 'n blou toutjie vaswerk? Waarskynlik omdat blou 'n koninklike kleur was, en die blou moes hulle herinner daaraan dat hulle deel is van daardie koninkryk van priesters waarvan Eks 19 gepraat het.

In hierdie voorskrif gee die Here 'n praktiese manier om hulle voortdurend te herinner aan die eise van Sy gebooië. Die klossies was orals sigbaar waar hulle ookal rondbeweeg het – en moes hulle voortdurend herinner: Onthou, ons is deel van die koninklike priesterdom, onthou die gebooië van die Here. Sodoende kon hulle die waarskynlikheid verlaag om nalatig in sonde te val.

#### Implikasies vir ons

Ons kan leer uit aldie hierdie sake wat die Here voor die volk gebring het. Kom ons kyk daarna:

- Heerliker offers in die beloofde land: Netsoos wat die Here van die volk verwag het dat hulle offers moes bring, verwag die Here steeds dat gelowiges offers aan Hom moet bring. Dink maar net aan Rom 12:1: "Gee julleself aan God as lewende, heilige offers wat vir Hom aanneemlik is". Hierdie vers maak dit baie duidelik dat ons hele lewe aan die Here gewy moet wees. Maar kan ek by wyse van toepassing een spesifieke aspek onderstreep. Dink aan eredienste. Dit is die besondere plek waar ons offers aan die Here bring, dink veral aan wanneer ons as gelowiges bymekaar is en ons sing tot die Here se eer. Voorwaar is dit 'n lieflike geur voor die Here. Dink nou verder aan spesiale geleenthede waar daar baie gelowiges is wat hartlik saamsing – dink aan 'n groot gemeente, of dink aan Skogheim. Dit moet tog sekerlik 'n nog liefliker geur wees voor die Here. Maar dink nou nog verder: In die hiernamaals gaan dit nog liefliker wees! Dan gaan daar fynmeel, olie en wyn bygevoeg word! Lees saam met my Op 19:1-8. Hier sing 'n groot menigte van verlore gelowiges, saam met die 24 ouderlinge en die 4 lewende wesens – dit klink soos die gedruis van 'n groot watermassa, soos die gedreun van swaar donderweer!

Wanneer ons moedeloos word op die woestynpad deur hierdie lewe, wanneer ons selfs moedeloos word met die gestoei in die kerk, moet ons gedeeltes soos hierdie lees, en dit

moet ons opnuut opgewonde laat uitsien na die hiernamaals, waar ons liefliker offers aan die Here gaan bring as nou – offers saam met fynmeel, olie en wyn!

- Versoening vir onopsetlike sondes: As ons, soos die volk, moedeloos word met ons eie sondigheid, bemoedig die Here ons deur ons te herinner dat daar versoening vir sondes bewerk is deur Jesus Christus. Dink maar 1 Joh 1:9: “Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid”.

En tog is daar ‘n bekommernis in ons harte: v30-31 maak dit baie duidelik dat as ons opsetlik sondig, is daar nie versoening moontlik nie. Kan ons werklik met integriteit bely dat al die sondes wat ons al gepleeg het, was onopsetlik? Het ons nie ook al moedswillig en opsetlik gesondig nie? Daar is mense wat beweer het dat opsetlike sondes slegs in die Ou Testament nie vergewe was nie, en dat in die Nuwe Testament alle sondes vergeefbaar is. Wel, ek is nie oortuig nie. Dink aan Heb 6:4-6 waarna ons laasweek gekyk het wat geleer het dat as daardie mense afvallig geword het, is dit onmoontlik dat hulle hulle weer sal bekeer. Of kyk na:

- Heb 10:26-27: “Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie.” Die gedeelte beskryf verder dat sulke persone kan maar net God se oordeel verwag.
- 1 Joh 5:16: Hier sê Johannes ook daar is sondes wat tot die dood lei, en ons hoef nie eens vir mense te bid wat hulle hieraan skuldig maak nie.
- Mark 3:29: “Wie egter teen die Heilige Gees laster, word tot in ewigheid nie vergewe nie, maar bly ewig skuldig aan die sonde”

En tog is daar ook gevalle in die Nuwe Testament wat ons wil laat moed skep:

- Luk 23:34: “Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.” Jesus bid vir vergifnis vir die mense wat Hom kruisig. Het hulle dan nie beplan om hom te kruisig nie? Het hulle Hom werklik onopsetlik gekruisig?
- Hand 3:17: Petrus sê vir die mense in die Pilaargang van Salomo: “Nou weet ek, broers, dat julle net soos julle leiers in onkunde gehandel het” Hy verwys hier na Jesus se kruisiging. Kan dit waar wees? Miskien kan ons nog redeneer dat die volk opgesweep was en daarom Jesus se dood gesteun het, maar wat van die leiers? Het hulle dit nie opsetlik beplan nie?
- 1 Tim 1:13: Hier beskryf Paulus hoe hy op ‘n stadium die kerk vervolg het. Ons weet dat Paulus met groot erns hom hierop toegelê het. Kan ons werklik sê dat Paulus dit onopsetlik gedoen het, dat hy nie moedswillig was nie? En tog getuig hy van die genade van die Here, en sê dat hy in ongeloof nie geweet het wat hy doen nie.

Ek dink ons moet erken hierdie is ‘n komplekse saak wat ons nie volledig kan verstaan nie. Maar ek vind tog aanklank by die denkraamwerk wat James Philip beskryf in sy kommentaar oor Numeri. Hy redeneer aan die een kant is daar sonde wat in totale onskuld gepleeg word, en aan die ander kant is daar sonde wat met absolute moedswilligheid en opsetlikheid gepleeg word. Maar die meeste sondes lê waarskynlik iewers tussenin – daar is ‘n graad van onskuld in, en ‘n graad van moedswilligheid. Dink maar aan die leiers van die volk, of aan Paulus wat die kerk vervolg: In beide is daar ‘n mate van moedswilligheid en opsetlikheid – hulle het beplan om te doen wat hulle gedoen het. Maar daar is ook onkunde en dus onskuld in: Paulus sê hy was in ongeloof onkundig, en die leiers het ook nie werklik verstaan wat hulle besig was om te doen nie. Dit lyk uit hierdie gevalle dat solank daar ‘n mate van

onkunde of onskuld betrokke is, is vergifnis nog beskikbaar. Maar as iemand teen die Heilige Gees sondig en Christus ontken, of soos Heb 10 dit beskryf, wanneer iemand die kennis van die waarheid ontvang het en dan nog steeds doelbewus, moedswillig, opsetlik bly sondig, is vergifnis nie moontlik nie.

Presies waar die oorgangspunt is waar daar te min onkunde en onskuld oor is, is nie presies duidelik nie. Maar daar is so 'n punt. En die Here weet waar is daardie punt. Ons sal verantwoordelik wees om ons in te span na die ander kant toe – om so ver as moontlik van moedswilligheid en opsetlikheid weg te bly. Sodoende kan ons oortuig wees dat daar vir die sondes wat wel in ons lewens voorkom, daar wel vergifnis beskikbaar is.

- Klossies om te herinner: Die opdrag van die Here was dat die volk klossies aan hulle klere moes werk met die doel dat dit hulle voortdurend sou herinner aan die geboorte van die Here. In Mat 23:5 lees ons egter dat Jesus die Fariseërs daarvan beskuldig dat hulle die tossels aan hulle klere groot gemaak het, met die doel om deur die mense raakgesien te word. Dit bly verstommend hoe die mens die genademiddele wat die Here gee, kan misbruik vir een of ander vorm van eie gewin.

Wat kan ons prakties doen om ook die doel wat die Here met die klossies gehad het, te benut, sonder om in die sonde van die Fariseërs te val?

- Sommige mense vertoon Bybelversies op prominente plekke in hulle huise of werksplekke. Ek dink dit is goed, maak net seker jy val nie in die strik van die Fariseërs deurdat jou doel word om ander mense te beïndruk nie.
- 'n Ander vorm hiervan is 'n vers of gedagte vir die dag. Daar is baie maniere vandag waarop dit versprei word. Ek persoonlik vind meer aanklank by 'n gedagte as net 'n vers, bloot omdat dit die geleentheid gee om darem iets van die konteks van die vers weer te gee, en dit ruimte skep vir die persoon wat dit versprei om 'n aanduiding te gee van wat hy daarmee wil sê.
- 'n Ander vorm is om jou daarop toe te lê om sekere verse uit jou kop te leer. Maak net seker jy onthou wat die konteks van die vers is, sodat die vers nie met verloop van tyd op sy eie bene begin staan nie.
- Ek is oortuig die beste manier om jouself gereeld te herinner aan wat die Here aan ons geopenbaar het, is om gereeld besig te wees met sinvolle Bybelstudie. Dit sluit in persoonlike Bybelstudie, Bybelstudie in groepe en natuurlik preke in eredienste. Daar is baie hulpmiddels beskikbaar om dit sinvol te doen. Ek wil jou egter spesifiek aanmoedig om, so gereeld as wat jy kan, jou te verdiep in 'n doelgerigte, in-diepte studie oor 'n spesifieke onderwerp. Kies 'n onderwerp. Bestudeer wat verskillende gedeeltes in die Bybel daaroor sê. Lees wat verskillende persone daaroor geskryf/gesê het. En as jy dink jy verstaan dit, bespreek dit met 'n medegelowige. As jy dit sinvol aan ander kan verduidelik, is dit 'n goeie aanduiding dat jy dit verstaan.

Mag die Here ons help dat ons op ons woestyn tog bemoedig sal word deur daardie openbarings in die Skrif wat ons insae gee in hoe heerlik die hiernamaals sal wees. Mag ons bemoedig word deur die feit dat daar versoening is vir ons sondes wanneer ons van tyd tot tyd in sonde val. Mag ons verskeie hulpmiddels gebruik om nie die Here, Sy werk, Sy beloftes, Sy eise en Sy plan te vergeet nie, maar steeds beter en beter te verstaan.